

5 September 2021

CATZ

Tuis: Klets-Klas

Jakobus 2:1-17

wat wil jy vandag bereik?

Jakobus gee raad / lesse oor hoe geloof prakties kan werk.

Vandag gesels ons oor die ou waarheid:

Don't judge a book by its cover.

Mense se waarde word nie bepaal deur hulle voorkoms of prestasies nie. Mense wat Jesus volg behandel nie mense verskillend nie. Ons behandel alle mense met respek omdat God hulle geskep het en Sy beeld in hulle is.

ons storie: ysbreker (hier en nou)

Ons sê soms dat iemand voorgetrek word.

Wat beteken dit as iemand voorgetrek word?

Hoekom dink jy word mense soms deur ander mense voorgetrek?

Hoe laat dit jou voel wanneer iemand anders voorgetrek word?

OF

Gesels ook oor die stelling:


Don't judge a book by its cover.

GOD se storie wat sê die Bybel (daar en dan)

lees Jakobus 2:1-10 & 14-17

Hoe ons na mense kyk beïnvloed hoe ons oor hulle dink en bepaal hoe ons hulle behandel.

Wat kan ons doen om seker te maak ons sien mense soos God hulle sien?



nouts
praktiese wysheid...



Spreek 22 deel baie wysheid oor hoe ons mekaar behandel en die gevolge daarvan.

Lees dit ook langs die Jakobus teks.

word stil

Jakobus gee praktiese raad aan gelowiges (mense wat Jesus volg) oor hoe ons mekaar behoort te behandel.

Watter raad hoor jy in hierdie gedeelte oor hoe mense mekaar behandel?

Die praktiese raad is een deel.

Waarop baseer Jakobus se raad?

Lees ook Matteus 22:37 - 39



gesels dan oor die volgende saam

Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het.
Of enige vrae wat jy nou het.

Jakobus beskryf hoe iemand wat ryk is anders behandel word as iemand wat arm is.

Het jy al ervaar dat dat mense verskillend behandel word gebaseer op hoe hulle lyk OF omdat hulle gewild is?

Kanse is goed dat jy al verskillend behandel is omdat jy anders is.
Kanse is goed dat jy self mense verskillend behandel gebaseer op hulle voorkoms of gewildheid.

ons nuwe storie

Hoe ons nuut, dink, doen en leef
in die wêreld rondom ons. Verder en Voor

Vra jouself elke dag die week af:

Hoe het ek vandag vir **God** liefgehad?

Hoe het ek **ander** (nie jou vriende of familie nie) liefgehad?

na die erediens

Noem enige iets uit die prediking wat
jou geraak het of wat jy nie verstaan
nie.

Wat dink julle was die hoofgedagte?
Kan julle dit in een sin opsom?

bid vir mekaar

Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid?

Onthou julle nog die ABC van gebed?

Aanbidding

"Here, ek aanbid U, want..."

Belydenis

"Here, vergewe my vir..."

Voorbidding

"Ek bid vandag vir..."

Danksegging

"Dankie, vir..."

Eie behoeftes en toewyding

"Here, help my om..."

